INSTITUUT VIR
CHRISTELIKE ONDERWYS
AKSIE REFORMATORIESE SKOOLONDERWYS

Hoofkantoor
Posbus 31120, Totiusdal, 0134 • Dickensonlaan 1180, Waverley, Pretoria, 0186
T: 012 332 3222 • F: 086 750 2505 • E: saskiameijer67@gmail.com • S: 082 491 4965

KONSTITUSIE VAN ARSO

Handeldrywend as ICO

ARTIKEL 1: NAAM

1.1 Aksie Reformatoriese (Gereformeerde) Skoolonderwys handeldrywend as Instituut vir Christelike Onderwys, afgekort ICO.

1.2 ICO is ’n regspersoon en kan in sy eie naam, onafhanklik van sy lede –

1.2.1 eiendom en ander bates besit;
1.2.2 aksies instel en verdedig;
1.2.3 kontrakte sluit; en
1.2.4 en enige ander handeling verrig wat ’n selfstandige regspersoon verrig, sonder dat sy lede daardeur gebind word.

ARTIKEL 2: GRONDSLAG

ICO/Arso is ’n diensorganisasie sonder wins oogmerk en stel hom op Gereformeerde grondslag, wat inhou: die Ou en Nuwe Testament is die Woord van God en die volkome leer van saligheid, soos uitgedruk in die Drie Formuliere van Eenheid.

ARTIKEL 3: DOEL

Die doel van die vereniging is die bevordering van:

3.1 Gereformeerde skoolonderwys.

3.2 Die daarstelling en uitbouing van Gereformeerde skole.

3.3 Die ontwikkeling en beskikbaarstelling van Gereformeerde kurrikulum.

3.4 Die ontwikkeling van ’n advieskantoor wat fokus op beleidsdokumente ter bevordering van Gereformeerde Onderwys.

3.5 Die ontwikkeling van kursusse ter uitbouing van Gereformeerde onderwys en die onderwysprofesie in die algemeen.

3.6 Verteenwoordig Gereformeerde onderwys by GKSA in samewerking met die CO- Deputate.

ARTIKEL 4: SAMESTELLING

4.1 Lidskole

Lidskole wat:

4.1.1 Hulle vereenselwig met die grondslag en doel van die ICO/ARSO.

4.1.2 Die voorgeskrewe ledegeld betaal; en

4.1.3 Wie se grondwet vir die bestuur van ICO/ARSO aanvaarbaar is.

4.2 ICO kan nie aan lidskole voorskryf nie, maar lidskole moet wel aan die konstitusionele vereistes voldoen.

4.3 Ondersteuners

Ondersteuners is individue, verenigings, kerkrade of instansies wat nie lid wil of kan wees ooreenkomstig Artikels 4.1 tot 4.4 nie, maar wat:

4.3.1 Hulle formeel met die grondslag en doel van ICO/ARSO vereenselwig, en

4.3.2 Ten minste jaarliks 'n finansiële bydrae tot die ICO/ARSO maak, onderhewig aan besluite gemaak deur raad.

4.4 Raad

Die raad is soos volg saamgestel:

4.4.1 Voorsitter;

4.4.2 Ondervoorsitter;

4.4.3 Die sekretariële dienste word op die raadvergadering soos nodig behartig deur die dienskantoor; geen besluitnemingstem nie;

4.4.4 Uitvoerende hoof: geen besluitnemingstem nie;

4.4.5 Tesourier;

4.4.6 'n Maksimum van drie (3) bykomende lede .

4.5 Dagbestuur

Die dagbestuur word deur die volle raad aangewys en bestaan ten minste uit die voorsitter, die sekretaris en een ander bestuurslid. Besluite van dagbestuur moet deur raad goedgekeur word.

4.6 Raadvergadering

4.6.1 Die raad moet vier (4) keer per jaar, dus kwartaalliks, 'n raadsvergadering belê. Die aanwesiges by die vergadering vorm die kworum.

4.6.2 Die verloop van die vergadering sal behoorlik genotuleer word.

4.6.3 Besluite, met uitsluiting van wysiginge van hierdie konstitusie/grondwet, word geneem met meerderheid van stemme van aanwesiges. (Die kworum is die helfte plus 1).

4.7 Advieskomitee

Die raad kan ’n advieskomitee saamstel of koöpteer soos nodig. Hierdie advieskomitee se taak is dan om advies te verleen soos nodig. Hulle ontbind as doel bereik is

ARTIKEL 5: AANWYS VAN RAADSLEDE

5.1 Die raad word saamgestel uit bekwame persone wat Gereformeerde Onderwys wil uitbou en daaroor wil waak.

5.2 Lidmaatskap van die GKSA / VGKSA.

5.3 Die raad is bevoeg om kandidate vir portefeuljes op die raad te nomineer.

5.4 Die bestuur kan by die ontstaan van ’n vakature ’n persoon koöpteer.

5.5 Die bykomende lede of advieskomitee word deur die raad na behoefte aangewys.

ARTIKEL 6: ONTSLAG

6.1 ’n **Lid (skool)** se lidmaatskap verval indien:

6.1.1 Hy skriftelik bedank;
6.1.2 Hy meer as een jaar agterstallig is met ledegeld sonder enige reëling getref
6.1.3 Hy nie meer aan die voorgeskrewe lidmaatskapsvereistes voldoen nie; of
6.1.4 Hy na die oordeel van die bestuur die doel van ICO/ARSO nie meer aktief bevorder nie.

6.2 ’n Raadslid se portefeulje of lidmaatskap verval indien:

6.2.1 Sy lidmaatskap van ICO/ARSO verval (in die geval van individuele lede);

6.2.2 Hy skriftelik bedank;

6.2.3 Die raad hom met ’n volstrekte meerderheid daartoe versoek; of

6.2.4 Die behoefte vir ’n bykomende lid na die oordeel van die bestuur verval het (in die geval van bykomende lede wat ingevolge artikel 5.4 op die bestuur dien).

ARTIKEL 7: BEVOEGDHEDE VAN RAAD

7.1 Behoudens enige bepalings van hierdie Konstitusie/Grondwet, is die raad van ICO/ARSO, vir sover dit op sy terrein val en vir sover dit geskied ten behoewe van en ter wille van die bereiking van die doel van die ICO/ARSO, bevoeg om:

7.1.1 Roerende en onroerende eiendom te besit in naam van die ICO/ARSO;

7.1.2 Personeel in diens te neem en te ontslaan;

7.1.3 Publikasies op te stel en te versprei;

7.1.4 Huishoudelike reglemente op te stel vir homself en vir die ICO/ARSO vir goedkeuring deur die raad

7.1.5 Regsadvies in te win en namens die ICO/ARSO op te tree in moontlike regsgedinge;

7.1.6 Namens die ICO/ARSO as mondstuk op te tree na buite;

7.1.7 Te affilieer by liggame of forums; en

7.1.8 Enige aangeleentheid te behartig wat van tyd tot tyd deur die GKSA aan die bestuur opgedra word;

Met dien verstande dat die raad oor enige van bogenoemde sake deur die lede tot verantwoording geroep kan word.

7.2 Vir die aangaan van lenings, die verkryging, beswaring of vervreemding van vaste bates, of die aangaan van 'n borgakte, dat dit op 'n raadsvergadering goedgekeur moet word.

7.3 Die ICO/ARSO is 'n regspersoon met eie identiteit en bestaan afsonderlik van sy lede en ampsdraers. Die ICO/ARSO kan nie van sy fondse of bates aan sy lede oordra nie, lede het geen regte wat betref die bates van die ICO/ARSO nie. Die ICO/ARSO kan wel lede of werknemers vergoed vir dienste gelewer aan die organisasie. Hierdie vergoeding moet in verhouding wees met die diens gelewer.

ARTIKEL 8: FINANSIES

8.1 Die ICO/ARSO kan geldelike inkomste verkry deur:

8.1.1 Ledegelde;
8.1.2 Skenkings;
8.1.3 Rente op beleggings, inkomste uit verhuur of verkoop van eiendomme;
8.1.4 Subsidies van owerheidsinstellings;
8.1.5 Aanbied van kursusse; of
8.1.6 Verkoop van publikasies.

8.2 Die ICO/ARSO is 'n organisasie sonder winsoogmerk en wend sy fondse uitsluitlik aan vir die bereiking van sy doel.

8.3 Beleid oor die beheer van en toesig oor die ICO/ARSO se finansies word gereël deur die Huishoudelike Reglement.

8.4 Alle finansiële transaksies moet by wyse van 'n bankrekening aangegaan word en die boekjaar strek oor 'n kalenderjaar.

8.5 Indien die ICO/ARSO ontbind word (sien artikel 11), besluit die raad oor die aanwending van fondse en bates met inagneming van die doel van die ICO/ARSO. Eerstens moet alle skuld betaal word, maar oorblywende geld en bates mag nie tussen raad verdeel word nie.

8.6 Indien die ICO/ARSO ontbind en daar geen besluit oor die aanwending van beskikbare fondse geneem is nie, word die fondse oorgedra aan 'n nie-winsgewende organisasie met dieselfde doelwitte as die ICO/ARSO, byvoorbeeld skole wat uit die ICO/ARSO se werksaamhede ontstaan het.

ARTIKEL 9: BESLEGTING VAN GESKILLE

Sien dienskontrakte vir prosedures.

ARTIKEL 10: WYSIGING VAN HIERDIE KONSTITUSIE/GRONDWET

10.1 Hierdie Konstitusie/Grondwet kan alleen gewysig word met 'n tweederde (2/3) meerderheid van die totale aantal raadslede van die vereniging.

10.2 Enige voorgestelde wysiging moet deur ten minste drie (3) lede onderteken word of ’n kworum van die raad.

10.3 ’n Voorstel tot wysiging moet skriftelik ingedien word by die voorsitter of sekretaris minstens veertien (14) dae voor die vergadering waarop dit in behandeling geneem word.

10.4 Artikels 2, 3, 4.2, 4.3, 4.4 en 10.4 van hierdie Konstitusie/Grondwet mag nie wesentlik gewysig word nie.

ARTIKEL 11: ONTBINDING

Ontbinding van die vereniging vind plaas:

11.1 Indien tweederdes (2/3) van die totale aantal raadslede op so ’n stap besluit.

ARTIKEL 12: GOEDKEURING

12.1 Hierdie Konstitusie/Grondwet is goedgekeur op die vergadering van .....

12.2 Hierdie Konstitusie/Grondwet vervang die vorige Konstitusie/Grondwet wat gedateer was 23 Mei 2003.